

**Skriflesing:** Markus 3: 1 -12Teks: **Markus 3: 10 -11**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 90:9****TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1,4,8; Ps. 65:2; Ps. 72:1,6; Ps. 45:9,10,16****Markus 3: 1 -12****Mar 3:1** Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was 'n man met 'n gebrekkige hand.**Mar 3:2** Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daarvoor kon aankla.**Mar 3:3** Hy sê toe vir die man met die gebrekkige hand: "Staan op hier tussen hulle!"**Mar 3:4** Daarna vra Hy vir hulle: "Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak?" Hulle het egter niks gesê nie.**Mar 3:5** Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man: "Steek jou hand uit!" Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond.**Mar 3:6** Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.**Mar 3:7** Jesus het toe met sy dissipels teruggegaan na die see toe. 'n Menigte mense het van Galilea af agter Hom aan gegaan. Ook van Judea af,**Mar 3:8** en uit Jerusalem en van Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, het daar baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.**Mar 3:9** Weens die gedrang het Hy vir sy dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg te hou sodat die mense Hom nie vertrap nie.**Mar 3:10** Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.**Mar 3:11** As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: "U is die Seun van God!"**Mar 3:12** Maar Hy het hulle baie uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.**Skriflesing:** Markus 3: 1 -12Teks: **Markus 3: 10 -11**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 90:9****TYDENS EREDIENS - Ps. 146:1,4,8; Ps. 65:2; Ps. 72:1,6; Ps. 45:9,10,16**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as iemand jou vandag skielik voorkeer en vir jou die

vraag mag vra- Wie is Jesus Christus? ... sal ek en jy so 'n mens met groot vrymoedigheid

kan en wil antwoord?! As ons deur Markus 3 lees dan besef ons agter die hoofstuk lê hierdie

vraag na Wie Jesus Christus is, op 'n besondere wyse vir ons opgesluit. Daar is in die enkele

hoofstuk nie minder nie as 5 verskillende opvattinge Wie Jesus Christus vir die mense was.

Vyf maniere en denkwyses rondom Christus. Party wel goed, ander minder goed, party

heeltemal verkeerd, eintlik 'n diepe dwaling en 'n kettery in hoe party mense se benadering

tot Jesus was.

\*\*\*

Ons sal beslis hulle elkeen so met tyd afsonderlik na moet kyk, want besef ons ook vandag, u

en ek as gelowige kinders van die Here sal iewers tussen hierdie 5 groeperinge onself ook

bevind. Iewers tussen die 5 opvattinge is waar ek ook gaan inpas, of dalk 'n gedeelte van my

is met een groepering op pad terwyl 'n ander deel van my weer meer met die ander deel besig

is. Wanneer ons na die verskillende opvattinge oor Wie Jesus is dan is die eerste groep die

mense wat nie soveel belanggestel het in wat Jesus gesê het nie. Sy leringe, sy preke, was vir

hulle minder belangrik. Dit wat Jesus doen, sy wonderwerke, ja sy mag om selfs demone uit

mense te kon uitdryf, is wat vir hulle die swaarste geweeg het. Dis waarom hulle agter Jesus aangegaan het, nie soseer oor wat Hy gesê het nie, maar oor wat Hy gedoen het. Dit is die groepering hier aan die begin van Markus 3 waarmee ons beslis vandag in besonder mee moet rekening hou. Die ander groeperinge wil ons op die stadium net so ligtelik aanraak.

\*\*\*

Die tweede groepering is hulle wie ons in vv. 13 – 19 van lees. 'n Besondere groep mense wat Jesus sy dissipels gemaak het. Op die einde twaalf manne wat ons in die reeks vorentoe die vraag sal mag vra- wat maak hierdie twaalf anders as wat Jesus se ander volgelinge was. Hoekom hierdie twaalf; ons sou in die toekoms ook kon vra wat het Jesus nou eintlik van hierdie twaalf manne verwag?

\*\*\*

Die derde groepering is mense wat hulleself as vriende van Jesus wou voordoen, waar sy huisgenote, selfs sy aardse broers en susters ook sydelings ingereken kon word. Mense wat saam met Hom in Nasaret grootgeword het, wat al hoe meer 'n skinderstorie laat versprei het dat Jesus se kop is besig om Hom te los. Hy is onverantwoordelik en hulle dink Hy moet gehelp word. Hy het dringend 'n sielkundige of 'n psigiater nodig, sou hierdie tipe mense vandag Hom in 'n bepaalde kategorie wou plaas. Dan kom die groep wat nog gevaarliker as die vorige groep is, want maak hulle asof Jesus van die duivel besete is. Hy is 'n "bose mens". Jesus kry met behulp van Beëlsebul die aanvoerder van die satan sekere dinge gedoen en help satan vir Jesus om die duiwels uit mense uit te dryf. Hoe 'n gevaarlike groepering was hierdie vierde groep nie. Ons lees van hierdie voorlaaste twee groepe in Markus 3 vv. 20-30.

\*\*\*

As ons dan later by die laaste of dan vyfde groep van mense uitkom, dan is ons in die kern van Jesus se aardse gesin op aarde, sy aardse moeder Maria, sy broers, o.a. Jakobus (vgl. Matt. 13:55- 56- waar ook Jesus se ander aardse broers, Joses, Simon, Judas genoem word). Josef hulle aardse pa het toe nie meer gelewe nie. Ons het sy gesin terloops in v 21 al moes raaksien. Tog gaan Jesus baie dieper daarop in wie uiteindelik sy broers en susters is. Wie is werklik die gesin van God? Wat weeg vir God die swaarste, 'n besondere biologie of 'n ware geloof. Daarby sal ons heelwat later eers kom.

\*\*\*

Vandag dan die eerste groepering wat 'n baie wye groepering in Jesus se tyd was,. 'n Groep waarby honderde en honderde mense ingesluit kon word. Hoe groot is hierdie groep vandag nog wat hierdie besondere siening van Christus met hulle saamdra. Jy kry hulle in die kerk,

baie van hulle natuurlik ook buite die kerk. Dit is mense wat die groot vraag in hulle lewe heelyd na vore bring- wat kan Jesus vir my doen? Watter voordeel het ek daarin om Jesus in my lewe te mag hê. Dit is die kern van vrae wat ons hier onself by hierdie groep van mense mee tegemoet kan gaan. Daardie soeke na persoonlike voordeel het al keer op keer baie diep ook in mense se verhouding met die Here ingesluit.

\*\*\*

Terwyl dit nie so mag wees nie. Ons mag en moet God nie dien terwille van onself nie, maar ter wille van Wie God is. Ons dien van God moet wees om God te wil grootmaak, Hom te verheerlik, Hom as my Skepper en Saligmaker te vereer. Nooit mag dit gaan om wie ek is en wat my behoeftes in die eerste plek is nie. Ons het ook nie vanoggend kerk toe moes kom om te kyk wat ek hier kan kry nie, maar moes dit veel eerder gaan om wat ek hier kan kom gee. Watter eer kan ek aan God gee deur Hom ook op die wyse te ontmoet en te verheerlik.

Hierdie is natuurlik geen populêre siening, 'n populêre teologie wat mense trek en mense bevredig nie. Hoe baie mense sal dan ook die kerk verlaat omdat hulle nie hier kon kry wat hulle soek nie. Hulle sal dit ook openlik sê en so uitleef, dat ek sal eerder 'n kerk soek wat ek daar wil kry, nie noodwendig dit wat God eerste in sy kerk voor ons stel nie. Die mense wat glo die kerk moet by my aanpas, dit is nie ek wat my sal moet aanpas in wat God tog duidelik maak Hy van sy kerk verwag nie.

As deel van ons teksverse vandag, veral vv. 7-12 is dit baie duidelik die mense stroom na Jesus nie oor wat Hy gesê het nie, maar dit gaan vir hulle veel meer daarvoor oor wat Jesus gedoen het. Ons volg die lyn wel al vanaf vers 6- *6 Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.* Die Fariseërs en Herodiane span nou saam- hulle kry 'n gesamentlike doel om Jesus dood te maak. Dit is hulle uiteindelijke doel en hulle sal alle beginsels en onderlinge verskille oorboord gooi net om by daardie enkele doel uit te kom. Jesus het sy openlike vyande en planne natuurlik van die begin af ook goed geken. Hy het geweet hulle sal uiteindelik selfs in hulle planne slaag, maar nie op hulle tyd nie, wel op God se tyd, wanneer God dit bepaal het nou is die tyd wat daar werklik vir die sonde betaal sal word.

\*\*\*

Dan begin vers 7 en begin praat van hoe menigte mense na Jesus begin stroom. Die Fariseërs en Herodiane is alreeds met hulle planne besig terwyl ander mense weer heeltemal ander

optredes teenoor Jesus openbaar. Die toestroming word so erg dat Jesus op 'n stadium in 'n boot gaan klim net dat Hy nie vertrap moet word nie. Daar teen die see van Galilea gebeur hierdie dinge.

\*\*\*

Jesus het Hom aanvanklik in die sinagoge bevind en daar begin leer maar mense wil nie geleer word nie, hulle soek sensasie, hulle wil belewenisse hê, hulle wil getuies wees van groot gebeure nie soseer getuies van besondere woorde nie. Jesus beweeg egter weg van die sinagoge in die rigting van die see van Galilea want Jesus het ander dinge voor oë as wat mense se verwagtinge is. Mense se verwagtinge was Hy moet 'n Wonderwerker wees terwyl Jesus al meer sy koninkryk wou duideliker maak en dat sy koningskap verkondig moet word. Nie tydelik aardse sensasie nie, maar ewige hemelse waarhede weeg vir Hom swaarder as die tydelike sensasie. Daarmee het die mense 'n stryd, ook daardie menigte wat dreig om oor Jesus te wil loop. So groot was die toestroming. Hulle kom uit alle windrigtings daar na die see toe. Party van Judea, andere nog meer van die suide, wel van Jerusalem, ander van Idumea, selfs party so ver soos van Tirus en Sidon, vêr oorkant die Jordaan. Hulle wil hoor wat Jesus kan doen, nie soseer hoor oor wat Hy leer nie.

Hier kom ons agter hierdie menigte mense is hulle wat dink hulle grootste nood is aardse tekortkominge. Ek is nie meer gesond nie, my siekte maak my klaar, my armoede maak my gedaan, my seer hand, my verlamdheid in my bene, dis die dinge wat my lewe swaar maak. Die behoefte aan gesondheid en welvaart weeg ten alle tye die swaarste, terwyl die mens nie eers oorweeg is my geestelike ellende nie dalk 'n baie groter ellende as my liggaamlik aardse ellende nie. So maklik gebeur dit. Ook met ons.

\*\*\*

Terwyl u en ek wat vanoggend hier saam is, as deel van God se kerk, laat ons eerder hardop begin wonder. Kyk ons vandag na die wêreld om ons en selfs die wêreld hier binne my hart, want my hart en gevoelens is ook 'n wêreld op sigself. Wat is hier binne jou en my aan die gang in hoe ons tot Christus nader, ook in hoe ons op 19 November tot die Here se tafel gaan nader. Is ons grootste behoefte, kos, klere, gesondheid, 'n blyplek, geld, of is die grootste nood in die wêreld nie dalk ons gebrekkige kennis van Christus in wat Hy as die belangrikste beskou nie. Hy wat vir ons sê, ons grootste nood is ons gebrekkige sondebeseft, dit waarvoor Hy sy lewe op aarde moes kom opoffer. Hoe baie van ons dink so klein daarvan, ons dink veel meer aan ons onmiddellike aardse behoeftes as wat ons aan die wesentlike dink waarom Hy na hierdie aarde moes kom nie. Het Hy gekom om ons aardse lewe beter te maak of het

Hy uiteindelik gekom vir 'n baie groter doel dat daar vergifnis van ons sondes kan wees. Ek kan al die geld in die wêreld het maar as ek nie die prys verstaan wat dit God gekos het om sy kinders sy eiendom te maak nie, dan verstaan ek nie die wese van die evangelie nie. Dan het ek so 'n gebrekkige besef aan wat Christus werklik op aarde vir ons kom doen het.

\*\*\*

Tog maak Jesus die man met die gebrekkige hand by die sinagoge gesond, die begin van die hoofstuk, tog het Jesus talle kwale genees, ons lees ook Sy optrede by die see- weg van die sinagoge- vers 10- *10 Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.* Die kring het wel groter en groter geword – ook vers 11- *11 As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: “U is die Seun van God!”* 12 *Maar Hy het hulle baie uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.* Nou mag u sekerlik vra maar wat is aan die gang. Hoekom doen Jesus hierdie wonderlike dinge as dit nie wesentlik om hierdie wonders moet gaan nie.

Jesus doen wat die Vader Hom gegee het om te doen. Ook in 'n bepaalde volgorde. As Jesus wonders doen, kragtige dade en tekens dan dien dit alreeds om God se ewige krag en heerlijkheid te laat skitter. Jesus het as Mens God in sy krag en heerlijkheid ook wou bekendmaak, omdat Hy as Mens ook ons as mense tot in ons diepste wese ken. Hy het gewet ons as mense se aardse behoeftes is 'n werklikheid en God kyk dit ook nie mis nie. Jesus het as Mens ook honger en dors en hartseer goed geken en beleef. Hoe het Hy in die woestyn sonder kos met die satan se versoeking dit nie moes hanteer nie. God voorsien ook in die tydelik liggaamlike behoeftes, ons node hier op aarde is ook in God se hande. Jesus bewys dit deur hierdie wonderbare krag en mag wat Hy daarvoor gehad het. Elke wonderwerk is 'n klinkklare bewys daarvan. Tog as Jesus 'n wonder doen en die geloof word nie daardeur gedien nie, dan sal Jesus eerder die wonder nalaat omdat dit nie tot bevordering van die geloof dien nie. Alle wonderwerke wat Jesus gedoen het moes aan die geloof diensbaar wees. Selfs het Satan en sy magte dit moes verstaan al wil die Satan dit nie aanvaar nie.

As ons by hierdie eerste groepering van mense in hulle benadering tot Jesus selfs mense met demone besete aantref, dan sien ons die demone weet presies Wie Jesus is. Die mense het vanweë die demone, kan ek ook sê met die stem van die demone dit uitgeskreeu – *U is die Seun van God.* Hulle lê op die grond en roep dit uit. Dit is duiwelse geeste wat Jesus al geken het nog voordat Jesus Mens geword het. Hy wat nog altyd God was, Self God voordat

die wêreld geskape was. Hierdie demone reageer onwillekeurig en met siddering. God sal sy werk deur niks laat keer nie, selfs die Satan bewys dit.

Daarom as ons vandag mag saamvat wat hierdie eerste groepering in hulle benadering tot Jesus was, dan kom dit daarop neer, ek mag God nie wil dien omdat dit my persoonlike voordeel bied nie. Ons kom na Hom omdat Hy ons Koning en Verlosser is. Ons dien Hom nie om iets te kry nie, maar omdat ons reeds soveel ontvang het. Ons besef die genesing van die siekes en selfs hulle wat van demone besete was gebeur omdat Jesus op die wyse ook sy identiteit, m.a.w. Wie Hy is aan ons duidelik bekend kon maak. Hy die Een wat na sy opstanding die versekering kon gee aan Hom behoort alle mag in die hemel en op die aarde. Hy het dit van die begin af alreeds kon bewys.

Die Heilige Gees het op Hom gekom. Op die dag wat Hy gedoop is was dit duidelik geopenbaar. Die Heilige Gees het in die gedaante van 'n duif op Hom gaan sit. Daarom sien ons het Hy al die woorde en wonders en werke wat Hy gedoen het, nie los van die Heilige Gees gedoen nie. Hy wat gekom het om ook die wat siek is en moeg is en alleen is en hartseer is, nie in hulle nood en verslaenheid te los nie, maar soos Jesaja van Hom geprofeteer het, so het Hy gedoen. Jesaja 61:1- *DIE Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart...* Jesus het waarlik gedoen alles wat oor Hom vanuit die Ou Testament geprofeteer was.

Ons besef deur hierdie eerste groep waarby ons vandag hulle benadering tot Jesus kon aanskou, waar hulle baie keer om die verkeerde redes, om bevrediging van hulle eie motiewe en begeertes tot Christus genader het, is Christus se benadering tot hulle in alles reg en volmaak gewees. Jesus maak Homself ook deur die genesing van siekes bekend dat hulle Hom as die Christus, die Messias, die Gesalfde van God ook moes leer ken.

Tegelyk besef ons die feit dat mense Jesus om die verkeerde redes genader het, mense wat in hulle nader kom na Jesus dit eintlik gedoen het om hulle eie gewin, hulle het Jesus kon “misbruik”, dit was alreeds die pad van lyding wat Jesus op aarde moes loop. Die feit dat mense Hom verkeerd benader het, ja dat daar selfs 'n gevaar was dat hulle in sulke menigte op Hom kon toesak vanweë die verkeerde redes was dinge wat Jesus laat swaarkry het. Hy wat geweet het Hy nie doodgetrap moes word nie, m.a.w. as martelaar sou moes sterwe nie,

maar dat Hy as Gekruisigde sou moes sterf. Hy aan die vloekhout sou moes hang om die prys van ons sonde te betaal. Hy as 'n vervloekte sou moes sterf en nie as martelaar sou kon sterf nie. God het bepaal dat vervloek is elkeen wat aan die kruis sterf en daardie dood moes Jesus inwag.

Hy was in alles nog op pad na Golgota. Daarom om deur mense misbruik te word, was alreeds deel van sy lyding. Tog is hier ook 'n goddelike ironie aan die gebeur. Hy doen wonderwerke sodat sy gewildheid aanvanklik onder die menigte sou styg wat tegelyk meebring het dat hulle wat gesoek het om Hom te kruisig dat hulle vyandigheid teenoor Hom ook toegeneem het. Juis oor sy gewildheid word die leiers se venyn en vyandigheid ook al hoe groter. Hiermee wys Jesus dat Hy is in volle beheer oor wat met Hom besig is om te gebeur en dit wat ook nog later sal gebeur. Hy regeer elke oomblik oor hede en toekoms. As mense Jesus misbruik het, net vir aardse gewin, dan het Jesus dit ook toegelaat om die groter doel wat net Hy op daardie stadium kon weet en verstaan. Dit het juis sy lyding swaarder gemaak en nie makliker nie. As ons vandag reeds ons presiese sterfdatum moes weet, dit sal nie maklik wees om te hanteer nie. Jesus het dit wel alles moes weet en daardeur moes gaan.

Kom ons met hierdie eerste groep se benadering tot Jesus onself ondersoek en erken so mag dit by my nie wees nie. Die belangrikste vir ons is om ons regtig diepste nood te erken dat ek van God se ewige regverdige oordeel verlos kan word. Dat dit 'n groter saak in jou en my lewe moet wees as ons aardse omstandighede nou hier op aarde. Wanneer dit tot ons deurdring dan sien ons regtig die Christus raak, die Middelaar tussen God die Vader en ons as mense. Ons sien Jesus se koms in die lig van waarom God Hom na hierdie wêreld gestuur het en nie wat mense daarvan wou maak nie. Dit gaan in alles om wat God wil en nie wat ons wil nie.

Mag u uself vandag hierin toets, mag hierdie denke van ons oor Hom Wie die Christus is, ons bring by die groep wat regtig 'n ander benadering tot Jesus sou kon hê, ook in hulle menslike swakheid, maar Jesus het hulle sy dissipels gemaak (vv. 13-19 se groep). Dit is 'n groep wat duidelik tot ons moet spreek, na wat hulle betekenis vir ons vandag nog kan wees. Die groep na vandag se menigte wat ernstig was oor wat hulle doen maar hulle benadering is nie wat ons moet nastreef nie.

AMEN